

## **Sing vooraf staande: Psalm 1:1, 2 (p. 1)**

- 1 Welsalig hy wat op die spoor nie gaan / waar sondaars lok; wat op hul pad nie staan,  
of neersit waar die spotglans in die oog is, / waar spotters vrolik spot met al wat hoog is;  
maar wat Gods wet in stille mymering, / by dag en nag, weer in gedagt'nis bring.
- 2 Hy is 'n boom wat diep en vas geplant, / sy wortels uitsprei by die waterkant;  
en mild versorg deur vrugb're lentelugte, / sy volle drag laat sien van somervrugte.  
Geen onspoed wat hom in sy werk sal stuit: / wat hy begin, voer hy voorspoedig uit.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

## **Psalm 89:1, 6 (p. 444)**

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;  
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die ewige guns wat U aan ons bewys het;  
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.
- 6 Hoe salig is die volk wat luister na u woord, / hul wandel in die lig wat van U afstraal, voort.  
Hul sal hul in u diens, waaraan hul toegewy is, / die ganse dag verheug, omdat hul in U bly is;  
hul prys u grote krag wat alle krag oortref het, / en u geregtigheid wat hul weer opgehef het.

## **Gebed**

### **Psalm 15:1, 2, 4 (p. 57)**

- 1 Wie styg so hoog in heil en eer, dat hy met U, die grote Koning,  
met U, die allerhoogste HEER, / kan op u heil'ge berg verkeer / en intrek in u heil'ge woning?
- 2 Dié wat, opreg in sy gemoed, / na Gods verhewe eis wil handel,  
hom vir bedrog en leuen hoed; / en is dit voor- of teëspoed, / die waarheid spreek in hart en wandel.
- 4 Dié wat hom van die manne keer / wat God en sy bevel nie vrees nie;  
maar die godvrugtiges wil eer, / en in sy eed nie valslik sweer, / of aan sy woord ontrou wil wees nie.

## **Skriflesing: Matteus 5:33-37; Heidelbergse Kategismus, Sondag 37:101**

**Kernvers:** Matteus 5:37

**Laat julle 'ja' eenvoudig 'ja' wees en julle 'nee'. 'nee'. Wat meer gesê word as dit, kom van die Bose.**

(Matteus 5:37 AFR1983)

## **Heidelbergse Kategismus**

### **Vraag 101: Mag 'n mens ook godvresend by die Naam van God 'n eed sweer?**

*Antwoord: Ja, as die owerheid dit van sy onderdane eis of as die nood dit vereis om daardeur trou en waarheid te bevestig. Dit moet dan tot eer van God en tot heil van ons naaste gedoen word.*

*Sodanige eedswering is op die Woord van God gegrond (a), en die gelowiges in die Ou en Nuwe Verbond het dit reg gebruik (b).*

*(a) Deut 6:13; 10:20; Jes 48:1; Heb 6:16. (b) Gen 21:24; 31:53; Jos 9:15; 1 Sam 24:23; 2 Sam 3:35; 1 Kon 1:29; Rom 1:9; 9:1; 2 Kor 1:23.*

**Tema:** Dankbare gelowiges praat asof hulle onder eed praat – hulle praat die waarheid

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, wanneer 'n mens Sondag 37 vinnig deurlees, wil jy jousef afvra: Wat het eedswering nou met die Tien Gebooie te doen? Lees 'n mens die vrae en antwoorde aandagtig deur saam met Sondag 36 en die derde gebod, sien 'n mens tog die verband raak. In Sondag 36 bely ons dat ons die Naam van God nie mag laster of misbruik deur onder andere 'n **valse eed af te lê of onnodig te sweer nie**. By hierdie deel van ons belydenis oor die derde gebod sluit Sondag 37 aan. Ons bely verder in Sondag 36 dat ons God **reg moet aanroep**. Wanneer 'n mens 'n eed sweer, roep 'n mens God. Jy roep Hom om, as die enigste Kenner van die mens se hart, in te staan vir die waarheid.

Om 'n eed af te lê is nie iets wat van die begin van die mensdom af bestaan nie. Adam en Eva het nie nodig gehad om teenoor mekaar 'n eed af te lê nie. God het hulle immers goed geskape. Hulle het nie sonde gehad nie. Daarom was hulle woorde teenoor mekaar ook waarheid. Die gawe wat die Here aan die mens gegee het om met mekaar te kan praat, was dus volmaak, want die leuen het nog nie in die wêreld ingekom nie.

Maar toe die sonde eers 'n vastrapplek in die goeie skepping van God gekry het, het dit die mens in al sy doen en late vasgegryp. Ook die gawe om met mekaar te kan praat, is vergiftig. Van daardie dag af kan 'n mens se woorde nie meer altyd net waarheid wees en sekerheid gee soos wat dit voor die sondeval was nie. Mense wantrou mekaar. Mense is nie meer altyd seker of hulle naaste die waarheid praat nie. Mense se woorde het oppervlakkig geword of hulle praat sonder om mooi te dink watter uitwerking hulle woorde op die eer van God en op hulle naaste gaan hê. Maar mense se woorde het nie net oppervlakkig en onnadenkend geword nie. Baie maal praat mense doelbewus misleidend. Met hulle woorde wil hulle hulle naaste op 'n dwaalspoor lei.

Geliefdes, daardie mooi gawe wat God ons gegee het om met mekaar te kan praat, het deur die sonde 'n gevaarlike wapen geword waarmee ons mekaar benadeel en seermaak. Dink maar net hoeveel keer was ons nie al seergemaak deur die woorde van ander mense nie. Of hoeveel keer het ons al ons naaste se woorde in twyfel getrek, want ons vertrou mekaar nie. Ons is nie altyd seker of ons naaste die hele waarheid praat nie.

Hierdie onsekerheid tussen mense het die eed noodsaaklik gemaak. 'n Eed is immers 'n waarborg wat 'n mens teenoor jou naaste voor God uitspreek dat wat jy sê die waarheid is. Die doel van die eed is om in 'n wêreld vol leuens en bedrog weer waarheid en sekerheid te kry. As die sonde nie daar was nie, sou daar geen leuens wees nie. Dan sou dit ook nie nodig wees om ooit 'n eed af te lê nie. Maar die mens het homself en sy woorde deur sy sonde van God af weggeskeur. Daarom dink die mens dat sy woorde ook nie meer aan God gebind is nie. Hy kan maar lieg en bedrieg. En omdat mense maklik kan lieg, is dit moeilik om enige mens onvoorwaardelik te glo.

Wanneer ons 'n eed sweer, soek ons weer die band met God op. As ons besef dat ons nie net voor die ore van mense praat nie maar veral voor die ore van God word ons in ons gewete gegryp en gedwing om die waarheid te praat. Die eed het dus ontstaan om weer waarheid en sekerheid in hierdie wêreld te bring. Daarom het dit praktyk geword om byvoorbeeld in die hof, by die aankoop van eiendom en in talle ander situasies van mense te eis om 'n verklaring onder eed af te lê. Met 'n eed verklaar 'n mens immers: hier staan ek voor die lewende en alwetende God wat alle leuens haat. En voor Hom verklaar ek dat hierdie saak presies so is en nie anders nie. En met die eed versoek ek die almagtige God om my nou in hierdie lewe maar ook na hierdie lewe te straf as ek nie presies die waarheid praat nie.

Broers, susters en kinders, God het die eed aan ons gegee as 'n genademiddel sodat daar te midde van die onsekerheid in hierdie wêreld weer vastigheid kan kom. Die eed is immers gegrondves in die Naam van God wat nooit wankel nie. Hy is die vaste punt vir ons in hierdie wêreld. Met die eed bind

ons weer ons woorde aan God vas sodat daar weer vastigheid in ons sakelewe, in ons burgerlike lewe en in ons huwelikslewe kan kom.

Maar as die eed dan 'n genademiddel is wat God self aan ons gegee het en ons bely dat jy **godvresend 'n eed by die Naam van God mag sweer**, hoekom sê Christus: **Moet glad nie 'n eed aflê nie**. Geliefdes, om hierdie woorde van ons Here reg te verstaan, moet ons dit binne die konteks van die hele Bergrede begryp. God het die eed beveel, so lees ons daarvan in Eksodus, Levitikus, Numeri en Deuteronomium. Bedoel Christus dan nou dat daardie bevel van God nie meer geldig is nie? Nee, Christus sê dan self in Matteus 5:17-20 dat Hy nie gekom het **om die wet en die profete ongeldig te maak nie**. Hy het gekom **om die wet en die profete hulle volle betekenis te laat kry**.

Met hierdie woorde in vers 34 wys Christus op die armoede van die eed. Die mens het met sy sondige geaardheid ook dié genademiddel van God gaan staan en verwing. Van die eed het die mens 'n blote skynvertoning gemaak om sy naaste te mislei. Veral die Jode was in daardie tyd verskriklik uitgeslape in hierdie verband. Met hulle sondige en uiters spitsvondige Skrifverklaring het hulle daartoe gekom om te sê dat 'n mens net aan seker eedswerings gebind is en nie aan almal nie.

Die Jode was immers daarop gesteld om nie God se Naam ydellik te gebruik nie. In plaas daarvan om God se Naam te noem wanneer 'n eed gesweer word, het hulle eerder iets genoem wat aan God verbind is, byvoorbeeld die tempel, of die goud in die tempel, of die aarde, of die hemel. Nou lê die Jood byvoorbeeld 'n eed af by die tempel, maar as hy dan later sien dat hy vir homself skade gaan berokken as hy hom aan sy eed moet hou, het hy homself op 'n vernuftige wyse daaruit gewurm. Hy het mos die eed by die tempel afgelê, maar eintlik het hy net die stene van die tempel bedoel. Daarom hoef hy hom nie aan sy eed te hou nie. Maar as hy die eed by die goud in die tempel afgelê het, was hy aan sy eed gebind, want die goud is aan God gewy.

Dit kom dus daarop neer dat die Jode met 'n bietjie behendigheid die eed wat waarheid moet bevestig, in diens van die leuen gestel het. God het die eed gegee om die heerskappy van die leuen te verbreek en weer vastigheid in die menslike samelewing te bring. Maar die Fariseërs het met hulle sondige spitsvondigheid die wet van die Here so verdraai dat jy maar rustig kan lieg en bedrieg en selfs meineed kan pleeg as jy maar net die regte eedformule gebruik.

Dit is oor hierdie manier van eedswering dat Christus sê: **Moet glad nie 'n eed aflê nie**. Die Jode het van die eed 'n goedkoop ding gemaak waarmee hulle mense om die bos gelei het sodat hulle voordeel daaruit kon trek. Elke eed is egter 'n aanroeping van die Naam van God. Maak nie saak watter soort formule jy gebruik nie. Dit is wat Christus hier aan ons verduidelik: As jy by die hemel sweer, sweer jy by die troon van God, as jy by die aarde sweer, sweer jy by die rusplek van God se voete. Elke eed wat gesweer word, word ten diepste by God gesweer, ongeag wie dit sê en op watter wyse dit gesê word. En hy wat 'n eed aflê, verplig homself om getrou te bly aan sy woord.

As Christus dan sê: **Moet glad nie 'n eed aflê nie**, oordryf Hy doelbewus om die sondige eedswering van die Fariseërs aan die kaak te stel. Daarmee bedoel Hy: niemand mag ooit 'n eed aflê op die wyse waarop die Fariseërs dit doen nie. Die Fariseërs het gedink die eed is iets wat hulle maar kan gebruik soos hulle wil, op 'n listige manier, sonder dat hulle wou weet watter sonde hulle besig is om te pleeg.

'n Mens lê egter nie vir elke saak 'n eed af nie. Ons bely immers dat 'n mens 'n eed aflê **as die owerheid dit van sy onderdane eis of as die nood dit eis**. Die owerheid eis 'n eed by 'n getuie in 'n hof, of wanneer 'n amptenaar van die staat ingehuldig word. In geval van nood mag 'n mens ook 'n eed sweer. Dit is wanneer daar niemand anders is nie behalwe jy en God self wat oor die waarheid van 'n saak kan getuig. In Eksodus 22 gee die Here 'n voorbeeld van so 'n nood. **Wanneer 'n man 'n**

**bees of 'n donkie of 'n skaap of enige ander dier aan iemand anders gee om op te pas, en dit vrek of word verskeur of buitgemaak sonder dat daar 'n ooggetuie by is, moet hy in wie se sorg dit gegee is, in die teenwoordigheid van die Here 'n eed teenoor die eienaar aflê dat hy wat dit moes oppas, dit nie gesteel het nie. Die eienaar moet sy woord aanvaar, en in so 'n geval hoef niks betaal te word nie. (Eksodus 22:10-11 AFR 1983)**

Verder, as 'n mens vers 34 en 37 saam lees, beteken dit ten minste dat Christus die aflê van 'n eed tussen sy dissipels teenoor mekaar verbied. Tussen Christene behoort die waarheid altyd te seëvier op grond van die negende gebod. Tussen Christene heers vertroue en is die eed eintlik onnodig. Hulle het immers die Gees van waarheid wat hulle lei. En hulle leef so dat almal wat hulle ken, weet dat hulle die waarheid praat. Hulle ja is ja en hulle nee is nee.

Geliefdes, omdat ware gelowiges altyd daarop bedag is om die waarheid praat, sal ons as Christene nooit vrede met die eed hê nie. Ons sal wel 'n eed aflê as dit nodig is om die waarheid te bevestig. Maar dit sal altyd vir ons 'n onaangename praktyk wees, want dit getuig van die heerskappy van die leuen wat nog ten volle oorwin moet word.

In beginsel is die leuen beslis oorwin. Christus het die leuen oorwin. Hy het altyd die waarheid gepraat. Sy ja was altyd ja en sy nee was altyd nee. Hy het die waarheid gepraat selfs al het dit vir Hom die bittere lyding van die kruis beteken.

Dat Christus nie bedoel dat daar glad nooit 'n eed afgelê mag word nie, blyk daaruit dat Hy self voor Kajafas met 'n eed bevestig het dat Hy werklik die Seun van God is. Dit is op grond van hierdie waarheid wat Hy gepraat het, dat die Jode die kruisdood oor Hom voltrek wou hê. En met sy kruisdood het Hy die sonde en daarmee ook die leuen oorwin.

Ons het deel aan hierdie oorwinning. Omdat Christus God met ons versoen het, het Hy ook sy Gees aan ons gegee. En die Heilige Gees maak hierdie oorwinning oor die leuen ons eiendom so asof ons self die leuen aan die kruis oorwin het. Met die Gees van waarheid in ons het ons ook nou dieselfde gesindheid as Christus. Ons ja is ons ja en ons nee is ons nee. Ons praat die waarheid asof ons die hele tyd onder eed is. Ons weet immers dat elke woord wat ons sê, sê ons nie net voor die ore van mense nie maar ook voor die ore van die almagtige en alwetende God.

Nou is daar nie net die eed wat 'n mens aflê om die waarheid te praat nie. Daar is ook die eed van belofte. Eliëser, die slaaf van Abraham, het teenoor Abraham die eed van belofte voor God afgelê dat hy vir Isak 'n vrou by die familie van Abraham sal gaan soek.

Almal van ons het al of gaan nog in een of ander stadium 'n belofte aan God maak. Gaan kyk maar na die formuliere vir die doop, die aflegging van belydenis van geloof, die bevestiging van ouderling, predikant en diaken en die een van die huwelik. By elkeen van hierdie formuliere maak die betrokke gelowiges 'n belofte aan die Here. Dit is niks anders as 'n eed van belofte wat voor die Here en teenoor die Here afgelê word nie. By die doop belof die ouers om die kind in die vrees van die Here groot te maak. Manne in die besondere ampte van diaken, ouderling en predikant belof om hulle goddelike opdragte getrou en met ywer uit te voer. By die belydenis van geloof belof ons om die eredienste en sakramente op te soek en ons gawes uit te deel tot nut en saligheid van ons medegelowiges. By die huwelik belof ons om getrou te bly aan die man en vrou wat die Here gegee het.

Sien u, geliefdes, hoeveel maal ons in ons lewe die eed van belofte voor die Here aflê. Ons lewe kan egter so maklik die indruk skep dat ons hierdie eedswering ook maar te liggelik opneem. Daarom is dit nodig dat ons onself afvra: Lewe ek so dat almal kan sien dat ek nie met my lewe die eed van belofte in 'n valse eed verander en so God se Naam misbruik nie? Is ons so dankbaar vir ons

verlossing deur Christus dat elke daad en woord van ons so is asof ons die hele tyd onder eed verkeer?

Amen!

Slotgebed

Psalm 24:1, 2 (p. 111)

- 1 Die ganse aarde, land en meer / met al wat leef, is uwe, HEER!  
U het die waters in hul woede / beteuel in die skeppingstond  
en het die aarde vas gegrond / op wye seë en watervloede.
- 2 Wie sal die Godsberg op kan gaan, / en wie sal op sy top kan staan,  
omskitter deur Gods heilighede? / Die man wat rein van hart en weg,  
sy siel aan nietigheid nie heg, / en trou is aan sy woord en ede.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
13 November 2011